# Preek in Groenkloof, 28 April 2002

**DIE VIND VAN GOD OP DIE ONVERWAGTE PLEKKE**

**LUKAS 24:13-35**

Ek kyk graag na die mense se gesigte in die karre rondom my, wanneer die verkeer tot stilstand kom in die vroeë oggend drukte. Die meeste lyk soos die gesigte van die twee mans wat op pad was na Emmaus: somber. Ek weet my gesig lyk ook baie dae so. Daar is baie dinge wat op ons druk. Dinge wat ons oë strak laat staar en ons voorkoppe laat frons. In die karre luister die meeste mense seker radio. En die nuus is meestal nie vrolik en opbouend nie. Daar is klompe onsekerhede en goed wat ons angstig en bekommerd maak. Dit is nie net die nuus oor geweld en misdaad wat ons swaar laat voel in ons hart nie, maar ook standpunte oor geloof en godsdiens. Die sekerhede word skynbaar al minder en die verwarring oor dinge wat ons gedink het vas staan word al meer.

Vir baie mense verdwyn die somberheid nooit weer van die gesigte nie. En nie sonder rede nie. Ons lewensreis is soos ‘n reis na Emmaus. ‘n Reis wat gepaard gaan met innerlike worsteling.

Waarna ons almal smag is om ook ‘n terugreis soos hulle te hê. Die rede waarom die evangelis, Lukas, hierdie verhaal opgeneem het, is sekerlik om vir ons te vertel van die twee manne se terugreis. Om vir ons te sê dat ons ook sò ‘n terugreis kan hê. Op die lewensreis is daar ‘n wending moontlik. Nie net een keer nie. Weer en weer. ‘n Reis wat begin het met somber gesigte, kan eindig met ‘n blye opstaan en vertel van dat Hy, die Here wat lewe, aan ons “bekend geword het” (vers 35).

Hoe gebeur dit? Wat bring die verandering in die reis en op die gesig? En as ons dan op die reis terugloop, maak ons verrassende ontdekkings:

- Dit is ‘n verskriklike gewone reis waarop niks buitengewoon gebeur het nie. Die doodgewone ding van iemand wat kom saamstap en sy insigte met hulle deel, was wat hulle ervaar het.
- ‘n Interessante en baie ordentlike vreemdeling het met hulle kom saamstap. Hy vra nie of hy by hulle kan oorbly nie, hy maak of hy wil verby hou.
- Hulle lê bietjie menslikheid aan die dag en nooi hom binne. Gasvryheid aan ‘n vreemdeling.
- Hulle haal ‘n bietjie kos, ‘n stuk brood uit die kas.
- Toe gebeur iets baie snaaks. Hy gedra hom nie soos ‘n gas nie. Meteens neem hy die rol van die gasheer in en bedien die mense in hulle eie huis. Dit word die keerpunt waar hulle meteens besef hulle het die Here in hulle huis. En dit maak die verskil. Dit maak dat hulle terugreis heeltemal anders is as hulle heenreis.

Wat kan ons doen om ook so ‘n ervaring te hê? Om ook te kan sê dat Hy aan ons bekend geword het?

- Niks, behalwe om te reageer op ‘n situasie waar jou hart onverwags brandende word…

- Die vreemdeling innooi. Die Here loop in jou huis in en gebruik jou eie ou droë brood en laat dit vir jou soos ‘n tonikum word, indien jy die vreemdeling ontvang asof hy/sy God self is! (Matteus 25:31-46)

Dit is nie op die pelgrimstogte en op die godsdienstige retreats waar jy die grootste kans het om God te ontmoet nie. Dit is op die alledaagse roete dat Hy onverwags in ‘n verbloemde gedaante sy verskyning maak.

As ons gewillig is om op baie gewone manier en deur ‘n verskriklik gewone persoon in ‘n uiters gewone situasie, geraak te word, tree God in ons lewens in.

As jy bereid is om in te nooi, om mense in jou lewe toe te laat, gebeur dit soms dat jy nog die een oomblik dink jy is in beheer en jy het die insiatief en jy is die gasheer, en dan meteens is die rolle omgeruil: Dan ontdek jy God in die laggie van ‘n kind, in die oë van die arme, in die opregtheid van ‘n sondaar. En dan kyk jy terug op ‘n doodgewone ervaring en jy sê vir jouself: Het my hart nie warm geword toe dit en dat gebeur het nie.

Mens ontdek nie die opgestane Here deurdat jy presies weet hoe om in die opstanding te glo nie. Ook nie deur hom naarstiglik te soek nie. Jy ontdek Hom as jy toelaat dat die vreemdeling vir jou brood breek. Wees wakker as hy maak of hy wil verbygaan. God dring Hom nie aan ons op nie, maar as ons innooi, verander Hy ons droë brood in hemelse manna!

Amen